Agri SA Watersentrum
WATERMETING

AGRI SA SE WATERMANDAAT

Agri SA en sy geaffilieerde lede is verbind tot deelname en aktiewe ondersteuning van enige inisiatiewe wat daarop gemik is om:

- Toe te sien dat die watergebruik van Agri SA se geaffilieerde lede wettig en in ooreenstemming met die Nasionale Waterwet 36 van 1998 (NWA) is.
- Om watergebruikdoeltreffendheid te bevorder deur die gebruik van meting en ander tegnologie om waterverliese en die vermorsing van water te beperk.

HOEKOM MEET?

Nakoming:

- Om aan die lisensievoorwaardes te voldoen waar dit ingevolge die NWA uitgereik is.
- Onder instruksie van die betrokke verantwoordelike owerheid (dit wil sê die Departement van Water en Sanitasie (DWS), opvanggebiedbestuursagentskappe (CMA's) en enige persoon wat die funksies van 'n waterbestuursinstelling ingevolge die NWA vervul).

Verhoogde watergebruiksdoeltreffendheid:

- Optimalisering van watergebruik.
- 'n Meer akkurate gebruiksbepaling wat water vir produksie-uitbreiding en verbeterde plaasbeplanning beskikbaar kan maak.

Verbeterde prestasie van die besproeiingstelsel:

- As 'n bron van data in 'n verspreidingsnetwerk, word variasies in vloei as 'n diagnostiese instrument gebruik. Hoog: (beskadigde uitlaat of meervoudige sones funksioneer) of laag: (lekkasies, verstoppings, foutiewe pomp) dui op moontlike foute in die besproeiingstelsel.

Voordele van vloeidata oortref meer as net die plaasvlak:

- As gevolg van meer akkurate inligting oor vloei-data, kan waterbestuur op plaaslike-, opvangsgebied- en op nasionale vlak verbeter word. Hierdie data kan gebruik word om die nakoming van die regte op watergebruik te verifieer, om waterkoste akkuraat te hef en om kritiese insigte in beplanning in alle waterbestuursgebiede te gee.

Kopiereg © 2020 Agri SA

WIE MOET MAATREËLS TREF?

Alle watergebruikers wat water vir besproeiingsdoeleindes uit 'n waterbron neem, moet hul watergebruik meet.

WAAR MOET DIE METING GEDOEN WORD?

1. **Punt van ontrekking van die waterbron.**
2. **Afvoerpunt in 'n waterbron in (waar van toepassing).**

REGULASIES

1. GN 131 van 2017 - Water vir besproeiingsdoeleindes moet gemeet, aangeteken en gerapporteer word.
2. GN 141 van 2018 - Watergebruikersverenigings en besproeiingsrade moet meters installeer.
3. GN 34 van 2020 - Alle besproeiingsboere buite watergebruikersverenigings en besproeiingsrade moet meters installeer.

GEBRUIKSRIGLYNE

1. **Riglyn vir watergebruikers**
2. **Oop-kanaalvloei**
3. **Pypvloei**

Klik hier vir 'n skakel na relevante dokumente.

Lede met enige verdere vrae met betrekking tot watermeters, kan hul plaaslike besproeiingsraad, watergebruikersvereniging, plaaslike kantoor van die Departement van Water en Sanitasie of Agri SA se Waterlessenaar skakel.

Janse Rabie
Agri SA: Hoof van Natuurlike Hulpbronne
T I +27 12 643 3400
E I janse@agrisa.co.za

Gregory Smith
Natuurlike Hulprbonne Beampte: Water
T I +27 12 643 3400
E I gregory@agrisa.co.za

Eksterne skakel: **watermeter.org.za**